**November 2016**

Liewe vriende,

In Psalm 100 staan:

"'n Dankpsalm. Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag."

Hierdie maand staan ons tyd af om dank en lof te gee vir alles wat God besig is om te doen en gedoen het in die lewens van vroue regoor die wêreld en oor generasies. Wat 'n vreugde is dit om deel te wees van hierdie gebedsbeweging en God die eer te gee vir alles wat Hy gedoen het in die 19 jaar van Projek Hanna se bestaan.

Verenig vandag met mekaar en hef julle stemme in lof tot die Here. Dien God vandag met 'n bly hart, en kom in die teenwoordigheid van God met 'n lied op julle lippe. Sy liefde vir jou is ewig. Sy krag in jou is groter as enige mag in die wêreld, en Sy waarheid sal vir ewig aanhou. Jesus het na hierdie aarde gekom om 'n lewe te lei wat God se liefde vir ons openbaar. Jesus het vir ons gesterf sodat ons 'n ewige lewe saam met God kan hê vir altyd. Ons kan vandag sing! Ons kan vandag lof gee! Ons kan vandag hoop hê!

Ek is baie dankbaar vir ieder en elk van julle terwyl julle elke dag hierdie maand toevertrou tot lof en danksegging. Julle is essensieel in hierdie bediening, en dit laat my hart sing van vreugde in die wete dat julle jul stemme ophef in lof en danksegging vir vroue regoor die wêreld.

"Kom, laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig oor die rots by wie ons redding vind, laat ons na Hom toe gaan met lof, laat ons Hom toejuig met lofsange, want die Here is die magtige God, die groot koning oor al die gode. Die dieptes van die aarde behoort aan Hom, die kruine van die berge is Syne. Die see is Syne, Hy het dit gemaak; sy hande het die land gevorm. Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!" (Psalms 95:1–6).

In Hom juig ons harte,

Peggy Banks
Wêreld-bedienings-direkteur
Projek Hanna

**<u>Gee lof aan God vir wat Hy doen in en deur getroue voorbidders wat saam met Projek Hanna se wêreldgebedspan bid!</u>**

**Vietnam:**

"Ons het nie enige van TWR se programme direk oor die radio gehoor nie, nietemin, het ons "Women of Hope"-programme en gebedskalenders gereeld ontvang op papier, gedurende die afgelope drie jaar. Die susters hier hou regtig van hierdie program, en ons almal bid vir die "Women of Hope"-span elke keer wanneer ons bymekaar kom. Ons besef dat baie van ons hier het goeie verandering ondergaan in ons manier van aantrek, hoe om ander vriendelik aan te spreek, hoe om goeie tandhigiëne te hê, en om ons kinders te versorg. Die besonderse ding is dat almal saam staan in eensgesindheid om die probleme van elke familie te deel, soos om te help wanneer iemand siek is. Ons het ook alle slegte gewoontes en gebruike laat staan wat ons voorheen gedoen het, soos om wierook te brand by die voorouers se altare wanneer iemand oorlede is, om offers te bring, voorouers te aanbid, en ander spandabelrige rituele. Die susters hier het nie alleen ophou drink nie, maar het ook hul eggenote aangemoedig om op te hou drink en dobbel. Hul kinders word ook beter in hul optrede, en ons groep het 'n sterker band."

My kunsbeen is gemaak, en ek is baie gelukkig. Baie dankie vir julle hulp. My vrou is 'n vrywilliger-opvolgwerker en verteenwoordiger van vroue in ons provinsie saam met Mrs T, 'n verteenwoordiger van vroue in 'n ander provinsie. Hulle ontvang gereeld gebedskalenders en lewer dit af. Elke maand lewer my vrou 20 gebedskalenders af en Mrs T lewer 50 af aan vroue in die provinsies om te bid. Ons gee dank aan God."

**Myanmar:**

"Ons Projek Hanna-gebedsgroeplede het die geleentheid om deel te neem aan 'n Skrif-voorlesing kompetisie. Afgesien van individuele beded elke dag vir die gebedsversoeke genoem in die Projek Hanna-gebedskalender, het ons die geleentheid om as 'n groep bymekaar te kom om te bid op 'n Sondag by die kerk na die oggend aanbidding verby is."

"Mag God julle almal seën! Ek dank TWR Myanmar S'gaw Karen Projek Hanna dat ek die Projek Hanna-gebedskalenders op tyd ontvang. Ek bid elke dag die gebedsversoeke. Ek het ook geleer hoe om te bid. Ek bid ook dat meer en meer mense by Projek Hanna se gebedsgroep sal aansluit."

"Ons gebedsvennote in die Projek Hanna-gebedsgroep bid altyd vir vroue en meisies regoor die wêreld wat ontberings, moeilikhede en armoede verduur. Ek voel jammer vir hierdie lydende vroue en meisies wanneer ek van hulle hoor. Behalwe om vir hulle te bid, kan ek niks anders vir hulle doen nie. Ons gebedsvennote is baie entoesiasties om te bid. As 'n gevolg van God se plan, het die TWR Myanmar Projek Hanna-span ons aangemoedig om bymekaar te kom en te bid as 'n groep. Om hierdie rede, loof ons God en dank veral TWR Myanmar Projek Hanna. Ons Projek Hanna-gebedsgroep hou 'n Bybel-voorlesingkompetisie een maal 'n maand."